Die dorp is op die plaas Jan Disselsvlei uitgelê, en dit was dan ook sy eerste naam. ‘n Onderdrosdy is op 1 Februarie 1808 op die plaas gestig met Daniel Johannes van Ryneveld as assistent-landdros. So is die hele gebied wat vandag as die Noordweste bekend staan onder die landdros van Tulbagh geplaas. Op 1 Januarie 1814 verkry dit die status van afsonderlike distrik en is dit tot Clanwilliam herdoop deur sir John Cradock, goewerneur van die Kaap van 1811 tot 1814, ter ere van sy skoonpa, die graaf van Clanwilliam. Die dorpie het vinnig ontwikkel nadat enkele van die 1820-Setlaars hier gevestig is. Dit het munisipale status verkry in 1901. Die eerste burgemeester was Charles Fryer, Ierse afstammeling van die 1820-Setlaars. Elektrisiteit is in 1938 die eerste maal deur die munisipaliteit aangelê.

Bron: Wikipedia